VAN ONS SUSTERS

VERGADERING VAN 9 OKTOBER 2018

Die afgelope vergadering was ons laaste vergadering van die jaar. Hanlie Jordaan, Mossie Kroep en Leana Mostert was die gasvroue. Ons wil hulle bedank saam met almal wat gehelp het. Karin Bain was die spreker. Sy het gepraat oor die vermindering van oortollige goed uit jou huis. Ons almal het soveel goed wat ons opgaar. Soms het ons ook negatiewe gevoelens en sondes wat ons diep in ons harte opgaar. Van jou kaste tot jou hart kan skoongemaak word. Gooi uit en gooi weg. Word ligter om ten volle te leef.

Vanuit die vergadering kom die volgende:

- Retha van Wyk is die nuwe wyksuster vir D2.
- Leana Mostert het ‘n insiatief begin vir ‘n gordynfonds. Ons wil die gordyne in die saal oordoen.
- Die gesamentlike Sustersafsluiting gaan DV 6 November by Potchefstroom-Oos wees. Wanneer ons die uitnodiging gekry het, sal ons meer besonderhede gee.

Baie dankie aan almal se harde werk en lekker kuier gedurende 2018.

Maak jy jou gereed vir jou sterwe of vir die lewe?

By die vorige Sustersvergadering in September het ds. Ronald Bain gepraat oor die sin van ons lewe. Hierdie praatjie is opgeneem en kan geluister word op ons webblad: gkpotchefstroom.co.za/die-susters/

Oktoberfees

VERKOPINGSVERGADERING

Dinsdagaand 17:30 is daar v**erkopingsvergadering** vir al die **same-roepers.** Indien jy dit nie kan bywoon nie, stuur asseblief iemand anders om namens jou te rapporteer. Maak ‘n lysie van wat julle nog alles nodig het en hoeveel tafels julle wil bespreek. Jy gaan ook gevra word wat jou pryse gaan wees, hoeveel kleingeld jy nodig het en hoeveel jy beplan om te verkoop. Hierdie is gewoonlik ’n baie kort vergadering.

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.
Dit is ’n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.
Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak
Susters van wyke E3 en E4 versorg vandag die tee en koffie

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 33 Sondag 14 Oktober 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Loffie Eloff** B2 **Frans Coetzee** B3, diakens wyke B2 en B3 is vakant.
Teeskink na die erediens: Susters van wyke E3 en E4. Wyksusters is **Saartjie Badenhorst en Mossie Kroep.**
Bussiediens: Vandag ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074
Sondag **21 Oktober** ry **Andries de Klerk** 084 440 1661

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Skrifgedeelte: Mattheus 16:13 - 23
Fokusgedeelte: Mattheus 16:13 - 23
TEMA: ***Die Vader gee dit aan sy kinders om Christus se Naam te bely***
SING: Psalm 9: 1, 2, 6, 7; Psalm 134: 4; Psalm 32: 1,3; Psalm 91: 1, 7; Psalm 150:1 - 3

AAND: Skrifgedeelte: Mattheus 24:1-14
Fokusgedeelte: Mattheus 24:14
Dordtse Leerreëls 3 & 4: 7
TEMA: ***Die koms van Christus is ook die redding van die volke***
SING: Psalm 98: 1, 2; Psalm 86: 5, 6; Psalm 66: 1, 2, 4

LIEF EN LEED

Fanie Jooste ☏ 082 840 1156 het ’n elmboogoperasie ondergaan en sterk tuis aan. Ons dra hom aan die Here se sorg op.

Dagboek
Vandag **Telkommissie 2**
19 - 21 Okt: **Gemeente-kamp, Vredefortkoepel**
27 Okt: **SUSTERS SE VERKOPING**



Miriam Coetzee ☏ 082 801 1510 is Woensdag opgeneem in Mooimed hospitaal. Ons bid haar spoedige beterskap toe.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir ons **Emeritaatsversorging** Die kollekte vanaand by deure is vir **instandhouding van die erediens**. Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **Bybelverspreiding**

KATEGESE



Vandag moet julle **Les 24** en **Psalm 71: 1** ken.
Maandag lees *Laat my lammers wei* Hoofstuk 63
Volgende Sondag moet julle **Les 25** en **Psalm 71: 14** leer.
Katkisasie vir hoërskoolkinders op **Woensdae** om 14:15 vir Graad 8 – 10.

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

VERGADERINGS in Oktober:
Gemeentebladkommissie skuif na **5 November**
17 Oktober: **Finansiëlekommissie** vergader om 18:30 in kantoor
22 Oktober: **Beplanningskommissie** vergader om 18:30 in kantoor
23 Oktober: **Eiendomskommissie** vergader om 18:00 in kantoor
24 Oktober: **Kategesekommissie** vergader om 17:15 by pastorie
27 Oktober: **SUSTERS SE JAARLIKSE VERKOPING**
28 Oktober: **Kerkraadsvergadering om 16:00 in kerksaal**
29 Oktober: **Diakonie** vergader om 18:00 in kerksaal
5 November: **Gemeentebladkommissie** om 17:30 te Nieuwestraat 16.

BELYDENIS VAN GELOOF
Ons is baie dankbaar saam met ons jongmense wat vanoggend hulle geloof voor die gemeente gaan bely. Ons dank die Here saam met hulle ouers en geliefdes vir sy groot genade in hulle lewens. Mag die Here hierdie geloof wat Hy in hulle harte gewerk het, versterk en elke dag laat groei. Die jongmense is **Gerda Bouwsema, Juandré Coetzee, Coetzer Stoop en Botha du Toit.**

Witolifanttafel

Lê daar enige artikels by jou huis rond wat dalk maar in jou pad is en jy die afgelope jare nooit gebruik het nie? Gee dit by die koster af soggens in die week of bring sommer Sondae saam kerk toe.

Navrae by Flip Mostert 082-479-5233 of Faans Steyn, tel. 018-294-6958

PANNEKOEK BAK!

Saterdagoggend 27 Oktober 2018 met ons Oktoberfees, gaan ons heerlike pannekoeke bak en verkoop.

Jongmense

Koffiedrink vir alle jongmense na die aanddiens. Dit gaan baie lekker wees en bied 'n geleentheid vir almal om mekaar te leer ken. Vir enige navrae kontak Willem van Heerden op 076 450 0562.

KAMP SAAM MET ONS – 19 - 21 Oktober 2018
U het nog tyd tot Dinsdag om te sê of u kan kom kamp. Daar is nog baie plek vir tente. Gesinne kan apart in 'n bungalow slaap. Daar is ook 2 ten volle gemeubileerde huisies.
Ons begin om 18:00 Vrydagaand met ons program en weer Saterdag om 08:00.

Gemeentekamp – 19 tot 21 Oktober 2018

Almal is welkom. Jong en oud. Getroud en ongetroud. **Vir een dag of vir twee nagte.** Dis jou keuse, maar ons wil soveel as moontlik van die gemeente daar sien.

Die plek is **Takwasa naby die Venterskroonkoepel**, 36km vanaf Potchefstroom op die oewer van die Vaalrivier. **Aanwysings:** Ry Suid op Moorivierrylaan. Ry reguit aan verby afdraai na Scandinaviadrif. Ry aan vir 17km. Draai links, ry aan vir 12.7km en kry Takwasa op regterhand.



Ons gaan heerlik kuier en saam Bybelstudie doen. Ds. Ronald gaan ook toerusting gee.
Die kamptema is: ***Die Here gee talente tot sy heerlikheid.***
Die kamp se amptelike program begin Vrydagaand 18:00, maar dié wat al vroeër wil kom, kan lekker koek en koffie kom drink om 16:00. Saterdagoggend begin ons om 08:00 - 14:00. Daarna kuier ons verder.
Die koste beloop R250 pp vir die volwassenes vir die naweek en R50 vir dagbesoekers. Gee jou naam op by die kerkkantoor of by Karin so gou as moontlik sodat ons die slaapplekke kan indeel.
Ons wil ook reël dat soveel as moontlik mense saamry.
So laat weet as jy net 'n dagbesoeker gaan wees.
Vir meer besonderhede oor die verblyf vra vir Johan du Plessis in die kantoor. Loer gerus by takwasa.co.za onder akkommodasie na die foto's.

Skryf solank jou naam op die lys agter in die saal.

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem

GKSA BEROEPENUUS

BEROEPE AANVAAR

- Ds MJ Lourens (Thys) van Vaalpark na Nelspruit/Barberton kombinasie.

MEXIKO

Streek: Latyns-Amerika
Leier: President Enrique Pena Nieto
Bevolking: 130 223 000
Christen: 96%
Meerderheidsgeloof: Christen (Rooms-Katoliek)
Regering: Federale Republiek

"Hoe het ek daardie verskiklike nag oorleef? Dit was net deur God se genade."

Ten spyte daarvan dat Mexiko 'n land is met 'n Christen-meerderheid, is vervolging steeds 'n probleem. Mexiko het een van die mees ongelyke samelewings in die wêreld. Hierdie ongelykheid het baie mense gedryf om betrokke te raak by georganiseerde misdaad. In baie plekke oefen bendes en kartelle mag uit oor amptenare en instellings, insluitend die Kerk. Die uitbuiting van priesters, pastore en Christen-besigheidseienaars is algemeen. Om kerkdienste by te woon, verhoog die moontlikheid van ontvoerings, en jongmense is veral in gevaar om deur bendes gewerf te word. Dwelmrehabilitasieprogramme en jeugwerk word as 'n direkte bedreiging van die belange van dwelmkartelle gesien. Christene wat betrokke is by dwelmrehabilitasieprogramme word geteiken en vervolg.
Geopende Deure werk in Mexiko deur die voorsiening van effektiewe voorspraak om die kernoorsaak van vervolging op plaaslike-, federale- en streeksvlak aan te spreek; deur projekte wat die veerkragtigheid van die Kerk om vervolging te hanteer vermeerder; en deur die mobilisering van die Kerk.

- Met erkenning aan Geopende Deure

Kerk se bankbesonderhede	Inbetalings vir die Diakonie	Inbetalings vir die Susters
Rekening naam: Gereformeerde Kerk Potchefstroom Bank : ABSA Tomstraat Rek.no 680 340 137	Rekening naam: Diakonie GK Potchefstroom Bank: ABSA Tomstraat Rek.no 680 280 002	Rekening naam: **Susters van die Gereformeerde Kerk** Potchefstroom **Bank:** FNB Potchefstroom **Tjekrek.** 627 805 92723

Oktoberfees

***SUSTERSVERKOPING* 27 Oktober 2018** beloof om 'n heerlike kuier en koopgeleentheid te wees. Om nie te praat van die lekker saamwerk nie.

Dis nou of nooit!

Ons het nog twee weke oor om al ons lief en dierbares uit te nooi na ons verkoping.

Het jy klein kinders? Ons het 'n kindertafel en 'n kindervermaak.

Het jy 'n man? Bring hom vir Kerrie en Rys.

Het jy 'n vriend of vriendin? Kom drink lekker tee en eet 'n sny koek.

Het jy 'n vrou? Bederf haar met 'n ete vir Saterdagmiddag of aand.

Het jy huisraad en snuisterye nodig? Kom kyk by die Wit Olifanttafel.

Jy kan ook nog nagereg, gebak en geskenke kom koop.

Nuut hierdie jaar by die fees:

VLEISTAFEL – heerlike wildswors gaan te koop wees. Voorraad is beperk, kom vroeg.

Kindertafel

Ons benodig nog mense wat kan kom help by die kindertafel. Kontak vir Susan Jacobs ☎ 082 688 6752 as jy kan kom help. As jy enige ietsie wil maak vir die kindertafel is jy welkom om ook vir Susan te bel.

Kom deel in ons kindertafel se pret en kompetisies

- **Wanneer: 27 Oktober**
- Tyd: 09:00 tot 12:00
- Gesigwerf
- Lekkernye
- Springkasteel
- Masterchef
- Moet dit nie mis nie

BEVESTIGING VAN AMPSDRAERS

Broeders wat die roeping opgevolg het sal DV vanaand tydens die aanddiens bevestig word in hulle amp. Ons bid hulle die Here se seën toe in hulle kosbare roeping.

GeopendeDeure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

VANAAND, na die aanddiens, kom een van hul verteenwoordigers, **Cliff Ellis,** ons gemeente toespreek. Hy is volledig tweetalig en kom ons in Afrikaans toespreek.

Geopende Deure is 'n bediening wat bewustheid kweek vir die wêreldwye vervolgde kerk. Hulle is in 68 lande werksaam waar Christene beperk word in hul geloof. Kyk gerus na hul Wêreldwaarnemingslys (WWL)(soos die een hieronder) wat hul jaarliks opstel om te bepaal waar die meeste hulp benodig word https://www.opendoors.org.za/eng/persecuted_christians/world_watch_list/

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié week verjaar baie geluk met jou verjaardag:

14 Okt **Chris van Ryssen,** Bizetlaan 32, ☎ 083 264 3214
Nelis Jacobs, Plaas Witpoort
16 Okt **Lexi Badenhorst,** Presidentstraat 44
18 Okt **Dj Stoop,** Sellschopstraat 3, ☎ 018 297 4082
19 Okt **Marietjie Havenga,** Pieter de Villiersstraat 40, ☎ 072 142 2922
Dylan van Lith, Louis Leipoldtstraat 10

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 7 Oktober was R 4 810 en die kollekte vir ons Jeug was R 1 700.

DIAKONIE SE KOSKAS

Dis koue is weg, die tee word sleg
Die skottelgoed is vuil, ons het die seep verruil.
Die energie is dun, want die pasta is te min.
Skryf asseblief hierdie op u inkopielys:

- **Skottelgoedseep • Toiletpapier • Pasta • Beskuit • Aanmaakkoeldrank**

Ons het baie tee, rys en mieliemeel. Baie dankie aan almal vir die bydraes.